

# DIE SOSIOPOLITIEKE SIENINGS VAN 'N GROEP SUID-AFRIKAANSE UNIVERSITEITSTUDENTE OOR DEMOKRASIE IN SUID-AFRIKA

Jo Badenhorst<sup>1</sup> en Berend Badenhorst<sup>2</sup>

## *Abstract*

*Democracy in South Africa is under pressure. A growing number of citizens are convinced that the government is underperforming and that democracy is often undermined. The current generation of young adults will soon play a leading role in all sectors of society. Their sociopolitical views and involvement are of particular relevance to the future of South Africa, especially with regard to the retention and expansion of democracy as an institution and governance model. Researchers point to a global trend of increasing political distrust and apathy which is a result of weak and corrupt government. Since the nineties a similar trend has emerged in South Africa. The youth have become increasingly uninvolved in politics – a trend that is in stark contrast to the political activism that characterised the black youth during the apartheid era. Young adults no longer feel obliged to engage in politics or civil society. Various studies have indicated that political trust in government and positive sociopolitical attitudes are prerequisites to optimal social and political involvement. A stable, lasting and prosperous democracy is threatened without the active involvement of the adult youth. In view of the above, an empirical study was conducted to establish the views that young adults (as “new” voters) hold on South Africa as a democracy. The investigation concentrated primarily on their views regarding the success of the current government and their confidence in the South African political context. This article focuses on the sociopolitical attitudes and opinions of the studying youth in particular. Research consistently correlates post-school qualifications with political participation. It follows that young adults in tertiary institutions – the so-called intellectual cream – are primarily responsible for the delivery of social capital which is vital to future political and community involvement in a democratic dispensation. Hence the following questions arise: What are university students’ sociopolitical views? Do their views affect their confidence in the government? An analysis of the data gleaned by the investigation revealed tendencies that are supported by the literature. It seems that young adult students are disillusioned with democracy in South Africa, and its negative consequences are illustrated by the data. The empirical findings of this study confirm these trends. The data reflects the dissatisfaction with the performance of government institutions and key functions of government and the perception that government and state institutions are plagued by corruption. High levels of distrust exist in the government and its institutions, resulting in a large degree of sociopolitical apathy. The government faces a distinct challenge. Drastic steps should be taken to restore confidence in democracy. Strategies should be developed for young adults to become involved in sociopolitical activities, otherwise democracy in South Africa will gradually weaken, with far-reaching consequences. The findings of this research and of similar studies can no longer be ignored.*

---

1 Senior Lektor, Skool vir Onderwysopleiding, Sentrale Universiteit vir Tegnologie. E-pos: jbadenho@cut.ac.za

2 Senior Lektor, Skool vir Kommunikasiewetenskappe, Sentrale Universiteit vir Tegnologie, Welkom. E-pos: bbadenho@cut.ac.za

**Keywords:** Democracy; South Africa; adult youth; sociopolitical views; sociopolitical development; sociopolitical trust; sociopolitical involvement; social capital; corruption.

**Stelwoorde:** Demokrasie; Suid-Afrika; volwasse jeug; sosiopolitieke sienings; sosiopolitieke ontwikkeling; sosiopolitieke vertroue; sosiopolitieke betrokkenheid; sosiale kapitaal; korrupsie.

## 1. INLEIDING EN PROBLEEMSTELLING

Die demokrasie in Suid-Afrika verkeer onder druk (Pillay 2004; Espinal & Hartlyn 2006; Blind 2007). 'n Toenemende getal landsburgers is van mening dat die regering onderpresteer en dat die demokrasie dikwels ondermyn word. Die huidige geslag jong volwassenes gaan eersdaags 'n leidende rol speel in alle sektore van die samelewing. Hul sosiopolitieke sienings en betrokkenheid is van besondere belang vir die toekoms van Suid-Afrika, veral met betrekking tot die behoud en uitbou van die demokrasie as instelling en regeermodel. Navorsers wys op 'n wêreldwye tendens van toenemende politieke wantroue en onbetrokkenheid wat 'n gevolg is van swak en korrupte regering (Kalu 2006; Voigt 2010). Wanneer sodanige tendens onder jongmense voorkom, is dit nog meer kommerwekkend.

Jong volwassenes vind hulle politieke identiteit en vorm hul sosiopolitieke sienings binne die dampkring van die hedendaagse politieke opset. Die vlak van sosiopolitieke vertroue onder die jeug in Westerse demokrasieë het sedert die sewentigerjare afgeneem (Finn 2004:12). Die hedendaagse jeug is minder vertrouend as hulle eweknieë van vorige eras en hierdie stand van sake verbeter nie namate hulle ouer word nie. Intendeel, navorsers wys daarop dat die nuwe generasie jong volwassenes vanweë hulle sosiopolitieke beskouings die primêre oorsaak is van die afwaartse neiging in sosiopolitieke vertroue oor die algemeen (Putman 2000; Finn 2004:12). Ook in Suid-Afrika is die jeug sedert die negentigerjare minder as ooit bereid om by die politiek betrokke te raak (Smith 1999; Aston, Parrot, Korn & Sax 1997; Pillay 2004). Dit kontrasteer sterk met die politieke aktivisme wat veral kenmerkend was van die swart jeug gedurende die apartheidsera. Jong volwassenes voel hulle geensins verplig om in die politieke of burgerlike gemeenskap betrokke te raak nie. En – soos Putman (2000:32) dit stel – tensy daar 'n dramatiese herlewing in gemeenskapsbetrokkenheid en samewerking onder jongmense plaasvind, sal die wese en die voortbestaan van die demokrasie bedreig word.

## 2. RASIONAAL

Navorsing bevestig dat 'n stabiele, volhoubare en bevredigende demokrasie nie moontlik is sonder die aktiewe betrokkenheid van die volwasse jeug

nie (Ginwright & James 2003; Watts, Williams & Jagers 2003). Verskeie navorsingsondersoeke toon dat 'n positiewe sosiopolitieke gesindheid en 'n globale politieke vertroue in die regering 'n voorvereiste is vir optimale sosiale en politieke betrokkenheid – faktore van kardinale belang vir die instandhouding van 'n suksesvolle demokrasie (Chen & Lu 2007; Kahne & Sporle 2008).

In die lig van die voorgaande is besluit om 'n empiriese ondersoek te loods na die sienings wat jong volwassenes (as “nuwe” stemgeregtiges) het wat betref Suid-Afrika as demokrasie, met die fokus op veral hulle beskouings van die sukses van die huidige regering, asook hulle vertroue in die Suid-Afrikaanse politieke opset. Die sosiopolitieke houdings en opinies van die studerende jeug in die besonder kom in hierdie artikel onder die loep. Navorsing dui konsekwent op die feit dat naskoolse kwalifikasies een van die sterkste korrelate van politieke deelname is (Smith 1999; Putman 2000; Torney-Purta, Barbe & Richardson 2004). Hieruit volg die premis dat jong volwassenes aan tersiêre inrigtings – die sogenaamde intellektuele room – primêr verantwoordelik is vir die lewering van sosiale kapitaal wat so broodnodig is vir toekomstige politieke en gemeenskapsbetrokkenheid in 'n demokratiese bestel. Derhalwe kan gevra word: Wat is universiteitstudiante se sosiopolitieke sienings en in watter mate beïnvloed dit hulle vertroue in die regering?

In die teoretiese oorsig wat volg, word daar eerstens gekyk na die rol van sosiopolitieke ontwikkeling in die leefwêreld van die individu en die verband tussen sosiopolitieke ontwikkeling en aktiewe deelname aan samelewingstrukture (politiek en sosiaal). Tweedens word die belangrikheid en invloed van sosiale kapitaal en sosiopolitieke vertroue as boustene van 'n gesonde demokrasie beskou, en derdens word 'n verband gelê tussen sosiale kapitaal, sosiopolitieke vertroue en aktiewe sosiopolitieke betrokkenheid op grondvlak. Daarna word besin oor wyses waarop 'n regering vertroue by sy jong kieserskorps kan kweek ten einde 'n standhoudende en dinamiese demokrasie te verseker. 'n Bespreking van die data en bevindings van die empiriese ondersoek volg en laastens word aangetoon dat die tendense in Suid-Afrika deur die literatuur bevestig word. Die uiteindelijke doel is tweeledig: om die belang van die ontwikkeling van sosiale kapitaalbronne onder die volwasse jeug te onderstreep, en om die omvang van gebrekkige vertrouensvlakke in die Suid-Afrikaanse regering, asook die verreikende gevolge daarvan, aan te toon.

### **3. LITERATUUROORSIG**

#### **3.1 Sosiopolitieke ontwikkeling**

Ten einde jongmense se beskouings van sosiale en politieke sake te verstaan, is dit noodsaaklik om insig te hê in die rol wat sosiopolitieke ontwikkeling speel in die totstandkoming van 'n sosiopolitieke bewussyn. Volgens Watts en sy kollegas

(Watts, Griffith & Abdul-Abdul 1999; Watts, Williams & Jagers 2003; Watts & Flanagan 2007), die skepters van die term *sosiopolitieke ontwikkeling*, verwys dit na 'n persoon se bewussyn van en betrokkenheid by aksies in die samelewing met die doel om positiewe verandering teweeg te bring. Sosiopolitieke ontwikkeling beklemtoon naamlik begrip van die sosiale en politieke kragte wat 'n individu se status in die gemeenskap vorm. Dit omvat onder meer die emosionele groeiprosesse in 'n persoon, groei in kennis en analitiese vaardighede, sowel as die vermoë om tot aksie oor te gaan in politieke en sosiale sisteme. Die vermoë om 'n regverdige samelewing te skep, is dus 'n integrale deel van die proses.

Die tydperk van jong volwassenheid (18 tot 25 jaar) word gekenmerk deur groot buigbaarheid en openheid. Gedurende hierdie periode heg samelewings groot waarde aan die siviele deelname van die volgende geslag. Die jong volwasse jare word beskou as 'n politiek-definiërende periode. Jongmense dink oor en staan in afwagting op hulle lewens as volwaardige volwassenes (Youniss, McLellan & Yates 1997:621) en hulle begin bewus raak van hulle identiteit en hulle toekomstige rol in die gemeenskap (Atkins & Hart 2003:159). Volgens Flanagan en Sherrod (1998:451) beklemtoon generasiestudies die aktiewe rol wat jongmense speel in die politieke realiteite van hulle leefwêreld asook die proses om verandering daarin teweeg te bring. Sodanige studies toon aan dat die waardes oor sosiopolitieke betrokkenheid wat jongmense gedurende hul jeugjare vestig, deur hulle middeljare bepalend is.

Die vermoë om onafhanklik en krities te dink, is broodnodig vir sosiopolitieke ontwikkeling. Sosiopolitieke ontwikkeling kan beskou word as 'n reis vanaf 'n posisie van relatiewe oningeligtheid oor die sosiale kragte wat lewens beïnvloed na 'n posisie van volgehoue, ingeligte en strategiese aksies. Dit beklemtoon kritiese bewussyn as 'n voorvereiste vir verdere ontwikkeling (Evans 2007:701). Parallel aan die ontwikkeling van kritiese denke ontwikkel daar groter begrip van die historiese, sosiale, politieke en kulturele faktore in 'n samelewing.

Volgens Watts en sy medeskrywers omvat sosiopolitieke ontwikkeling vyf fases van ontwikkeling (Watts *et al.* 1999; Watts *et al.* 2003; Watts & Flanagan 2007). Die eerste fase word gekenmerk deur sosiale en politieke ongeërgdheid en geloof in 'n regverdige wêreld. In fase twee raak die persoon bewus van teenstrydighede en sosiale probleme, maar konfronteer dit nie. Die voorkritiese en kritiese fases wat volg (fases drie en vier) lui 'n nuwe manier in van dink oor samelewingskwessies, sosiopolitieke sake en die historiese, kulturele en politieke prosesse wat ongelykhede in stand hou. Gelyktydig met die bewuswording van sosiale probleme ontwikkel die besef dat kollektiewe aksie 'n verskil kan maak. 'n Meer sistemiese perspektief op lewensomstandighede neem vorm aan en ontugtering, empatie en soortgelyke emosies verskaf die dryfveer om op te tree. Bemagtigende houdings begin ontwikkel wat die ontwikkelende persoon

'n sin van verantwoordelikheid gee wat nodig is om voordelige verandering in die samelewing te bewerkstellig. Dit lei uiteindelik tot die laaste fase, naamlik bevryding, en dit behels daadwerklike aksie of minstens die ontwikkeling van 'n sterk begeerte om betrokke te raak by die verbetering van sosiale toestande en ongelykhede. Uiteindelik raak die persoon 'n aktiewe agent van transformasie in die samelewing.

Die proses hierbo beskryf, begin reeds voor die aanvang van die volwasse jeugjare en voltrek deurentyd in mense se lewens. Die ideaal is dat indiwidue tydens die volwasse jeugjare reeds vorder tot by fase vyf (Watts & Flanagan 2007; Evans 2007; Voight 2010.), maar dit gebeur ongelukkig nie altyd nie. Tydens fase vyf is dit deurslaggewend dat mense krities besin oor die verhouding waarin hulle staan tot die breër politieke bestel, asook hulle keuses ten opsigte van die rol wat hulle daarin speel. Deelname aan die herstel van sosiale probleme stimuleer dus die burgerlike aspek van identiteit net wanneer hulle begin om hulle sosiale verantwoordelikheid en deelname aan politieke prosesse uit te leef, en dit is hier waar die rol van sosiale kapitaal en sosiopolitieke vertroue deurslaggewend is.

### **3.2 Die impak van sosiale kapitaal en sosiopolitieke vertroue op 'n demokratiese bestel**

Die sosiale kapitaal-paradigma is 'n belangrike vertrekpunt wanneer sosiale en politieke sosialisering, sosiopolitieke vertroue en sosiopolitieke betrokkenheid onder die jong volwassene bestudeer word. Putnam (1995; 2000), asook Fukuyama (1995:41), definieer sosiale kapitaal as 'n sosiale organisasie van netwerke, waardes en norme onder mense wat gerig is op gekoördineerde samewerking tot voordeel van die breë gemeenskap. Smith (1999:553) onderstreep die belang van sosiale kapitaal vir die uitleef van politiek-relevante norme en gedrag, insluitend die begeerte om saam te werk tot voordeel van die gemeenskap deur deelname aan politieke en gemeenskapsaktiwiteite. Teen die agtergrond van die sosiopolitieke ontwikkelingsteorie, is die verband tussen sosiale kapitaal en fase vyf (bevryding) van die sosiopolitieke ontwikkelingsmodel dus voor-die-hand-liggend.

Verskeie ondersoeke oor sosiale kapitaal in Westerse samelewings toon aan dat sosiale kapitaal demokratiese waardes kweek (Brehm & Rahn 1997; Paxton 1999; Putnam 2000; Chen & Lu 2007). Hierdie ondersoeke wys ook op die feit dat algemene vertroue tussen indiwidue die weg baan vir die ontwikkeling van basiese demokratiese beginsels vir regering *deur* die mense, *vir* die mense. Diegene wat hulle medeburgers vertrou, is ook meer geneë om politieke mag toe te vertrou aan verkose leiers wat namens hulle regeer, en hulle bejeën medeburgers se deelname aan openbare sake met minder agterdog. Indiwidue met 'n hoër vlak van algemene vertroue is voorts geneig om die basiese demokratiese beginsels te ondersteun wat toepaslik is op grondvlakregering. Vrywillige deelname aan

organisasies en netwerke leer mense die gemeenskapsdeugde van gematigheid, kompromieë, wisselwerking en die vaardighede wat geassosieer word met demokratiese gesprekvoering en organisasie (Chen & Lu 2007:432). Hierdie basiese deugde hou verband met sommige demokratiese waardes grondliggend aan grondvlakregering, onder meer die verteenwoordiging van massabelange deur verkose leiers en massadeelname aan grondvlakregering. Putman (1995; 2000) wys op die belang van informele sosialisering vir die ontwikkeling van interpersoonlike skakels wat bevorderlik is vir groter sosiale en politieke samewerking. Volgens hom is sosioloë en politieke wetenskaplikes dit eens dat vrywillige deelname die tipe sosiale verhoudings weerspieël wat belangrik is vir wisselwerking, sosiale vertroue en ander vorme van sosiale kapitaal. Hy wys nogmaals op die verband tussen sosiale vertroue en groter politieke deelname en gemeenskapsbetrokkenheid. In hierdie verband toon Wrightman (1992:115) asook Brehm en Rahn (1997:2002) aan dat sosiale kapitaal 'n sielkundige uitwerking het op individue wat hulle toekomstige deelname aan die samelewing betref. Volgens hulle korreleer die mate waartoe individue persoonlike beheer oor die omgewing uitoefen met groter sosiale vertroue – 'n belangrike vorm van sosiale kapitaal wat politieke oortuigings beïnvloed.

In dieselfde trant meen Newton (2001:384) dat sosiale kapitaal en sosiopolitieke vertroue beskou moet word as 'n uitvloeisel van 'n individu se beskouing van die politieke wêreld en die doeltreffendheid van politieke instellings. Volgens hom word daar van demokrasieë verwag om betroubare leiers te werf en om hulle te omring met 'n institusionele bestel wat sanksies toepas, sou hulle onvoldoende presteer. Inglehart (1997:276) meen dat die gemiddelde vlak van vertroue in die nasionale regering onder jong volwassenes 'n robuuste voorspeller is van die volhoubaarheid of stabiliteit van 'n demokrasie. Jongmense in 'n stabiele demokrasie moet genoeg politieke vertroue hê om oortuig te raak dat hulle deelname nie tydverkwisting is nie. Die vertrouensdrumpel moet oorgesteek word (Torney-Putra *et al.* 2004:384; Chen & Lu 2007:427) alvorens die volwasse jeug hulself as politieke deelnemers sal beskou. Hoe meer 'n demokrasie as stabiel en bevredigend beskou word en hoe minder korrup dit is, in hoe 'n groter mate sal jong volwassenes in die land regeringsinstellings vertrou. Hoër vertrouensvlakke lei tot groter sosiopolitieke betrokkenheid.

Navorsing oor sosiale kapitaal dui egter op sorgwekkende tendense onder die jeug in Westerse demokrasieë (Fukuyama 1995; Putman 2000; Chen & Lu 2007; Kahne & Sporle 2008). Soos reeds aangedui, taan die betrokkenheid van jong volwassenes by formele en informele gemeenskapsnetwerke. Hulle is minder geneë om bande, netwerke en norme te vestig wat nodig is vir samewerking en wat allerweë beskou word as onontbeerlik vir 'n suksesvolle demokrasie. Voorts ontwikkel hulle nie “habits of acting together” nie (Smith 1999) en die gebrek aan

gemeenskapsbetrokkenheid lei noodwendig tot onbetrokkenheid in die politieke arena. Die oorsprong van hierdie apatie kan volgens Blind (2007:5) direk herlei word na die afwesigheid van sosiale kapitaal vanweë gebrekkige sosiopolitieke vertroue. Die aanwesigheid van sterk sosiale kapitaal in die jeugjare is 'n belangrike aanwyser van die individu se politieke en gemeenskapsgedrag as 'n volwassene. Die politieke onbetrokkenheid en apatie onder die volwasse jeug beklemtoon die waarde van sosiale kapitaalbronne in die jongmens se omgewing as belangrike komponente van die politieke sosialiseringproses. Lae sosiopolitieke vertroue is dus die gevolg van lae vlakke van sosiale kapitaal, en dit gee aanleiding tot onbetrokkenheid. Indien daar lae sosiopolitieke vertroue is onder die hedendaagse jeug sal dit die handhawing van 'n gesonde demokrasie en doeltreffende regering in die toekoms bemoeilik. Putnam (2000:27) asook Youniss en Yates (1997:622) bevestig dat algemene vertroue deelname aan sosiopolitieke aktiwiteite verhoog. Onwilligheid om saam te werk om probleme in 'n pluralistiese gemeenskap op te los, impliseer dat daar meer staat gemaak word op 'n regering wat toenemend deur minder mense beheer word (Blind 2007:7).

### **3.3 Die verband tussen sosiopolitieke vertroue, korrupsie en effektiewe regering**

Vertroue, in sowel die sosiale as die politieke vorme, is die *sine qua non* van goeie regering (Blind 2007:9). Goeie regering en vertroue gaan hand aan hand; vertroue is 'n goeie teelaarde vir goeie regering en omgekeerd. Hetherington (2005:43) verwys na sosiopolitieke vertroue as die primêre voertuig van goeie regering. 'n Doeltreffende regering streef na die handhawing van 'n vertrouenskultuur. 'n Vertrauenskultuur skep die atmosfeer waarin burgers voel dat hulle ongeveer 'n gelyke kans het om politieke besluitneming te beïnvloed. In 'n demokrasie impliseer sosiopolitieke vertroue dat die burgers tevrede is dat die demokratiese stelsel doeltreffend, regverdig en eerlik funksioneer en sal doen wat reg is. Goeie regering is onontbeerlik vir sosiale kapitaal en 'n suksesvolle demokrasie (Keele 2004:873). Indien landsburgers oortuig is dat 'n regering regmatig mag besit en uitoefen, geniet die regering politieke legitimiteit. Onder die primêre determinante van legitimiteit tel sosiale vertroue, ekonomiese effektiwiteit en goeie politieke bestuur, asook demokratiese regte. Deursigtigheid en verantwoordbaarheid is die prinsipiële voorvereistes van vertroue en goeie regering. Daar kan geen vertroue of goeie regering wees sonder 'n deursigtige en verantwoordbare onderbou nie.

Verskeie studies is dit egter eens dat korrupsie die vernaamste ondermyner is van sosiopolitieke vertroue en die afname in sosiale kapitaal (Bertucci & Alberti 2003; Keele 2004; Pillay 2004; Harzan 2006; Blind 2007). 'n Politieke struktuur wat gekenmerk word deur korrupsie, gefragmenteerde mag en 'n gebrek aan konsensus verhoed doeltreffende demokratiese beleidsvorming. Sosiale kapitaal

en sosiopolitieke vertroue is belangrike sosiale faktore wat die mate van politieke vertroue in 'n regering beïnvloed. Sosiale kapitaal en korrupsie is dus verwant omdat elk gekoppel is aan sosiopolitieke vertroue. 'n Regering wat sosiale kapitaal en politieke vertroue wil bou, moet korrupsie beveg. Korrupsie kan maklik die positiewe gevolge van die openbare samelewing se deelname aan goeie regering uitwis. Dit tap sosiale en politieke vertroue en belemmer die groei van plaaslike en nasionale ekonomieë met negatiewe gevolge vir volhoubare politieke, ekonomiese en sosiale ontwikkeling.

Die Suid-Afrikaanse voorbeeld illustreer die kompleksiteit van korrupsie en die dringendheid om dit te beveg. Opeenvolgende politieke skandale, wydverspreide korrupsie en die soms oormatige fokus van die media op sodanige aangeleenthede dra by tot die voortdurende afname in politieke vertroue en sosiale kapitaal. Espinal en Hartlyn (2006:210) voer tereg aan dat korrupsie in ontwikkelende lande soos Suid-Afrika 'n veel groter impak het op die politiek as in ontwikkelde lande. Ondoeltreffende koördinerings van teenkorrupsie-optrede binne die Suid-Afrikaanse openbare sektor bly een van die hoofuitdagings wat die Suid-Afrikaanse regering in die gesig staar (Pillay 2004:589).

### **3.4 Die kweek van sosiopolitieke vertroue**

Hoe kan sosiopolitieke vertroue onder jong volwassenes – asook in die breër gemeenskap – gekweek word om goeie regering te verseker? Verskeie navorsers huldig (soms) uiteenlopende sienings oor wat hulle as noodsaaklik beskou vir die daarstel van geloofwaardige en betroubare regering. Redburn en Buss (2004:98) verwys na die konsep van elektroniese regering (e-regering) om korrupsie te beveg en goeie regering in die hand te werk. Volgens hulle behoort tegnologie, soos die gebruik van die internet, ingespan te word om die gemeenskap betrokke te kry. Sodoende kan opinies rakende regeringskwessies openlik en vryelik gelug word en deelname aan meningspeilings en konstruktiewe debatvoering bevorder word. Gevorderde rekenartegnologie kan ingespan word om hulle politieke verteenwoordigers te kontak en hulle aanspreeklik te hou vir hulle dade. Kalu (2006) onderskryf die konsep van e-regering en wys daarop dat dit tot groter betrokkenheid en deelname kan lei, aangesien dit tot deursigtigheid en verantwoordbaarheid bydra.

Op sy beurt beklemtoon Rondinelli (2005:189) die implementering van gesonde ekonomiese beleid vir goeie en doeltreffende regering. Sosiopolitieke vertroue fasiliteer volgens hom die proses van ekonomiese herstrukturering en gesonde ekonomiese beleidformulering, en omgekeerd. Sonder 'n stabiele ekonomiese beleidstruktuur kan daar nie sprake wees van sosiopolitieke vertroue nie.

Bovaird en Loeffler (2005:201) meen sosiopolitieke vertroue kan ontwikkel word deur gemeenskappe by wyse van sterk plaaslike regeringsinisiatiewe nader te



bring aan die regering. Plaaslike regering en desentralisasie verskaf volgens hulle die ideale meganismes om vertroue te bou. Dit impliseer dat lede van plaaslike gemeenskappe verantwoordelikheid aanvaar vir hulle toekoms deur aktief betrokke te raak by gemeenskapsake. Dit wat op grondvlak bereik word, kan ook op nasionale regeringsvlak weerklank vind deur vrye en regverdige verkiesings. Verkiesings werk politieke legitimiteit in die hand en versinnebeeld die algemene keuse van die publiek. Vrye en regverdige verkiesings op sigself verseker nie sosiopolitieke vertroue nie, veral in die afwesigheid van geloofwaardige parlementêre prosesse (Bovaird & Loeffler 2005:202).

Laastens wys Finn (2004:16) op die belang van 'n onafhanklike regbank vir sosiopolitieke vertroue. Die regbank is die beskermheer van alle wetgewing en speel 'n fundamentele rol in die vestiging en instandhouding van die reg. Onafhanklike regsprosesse is ook die ideale teenvoeter vir die arbitrêre aanwending van mag.

Blind (2007:13) noem drie primêre bronne van vertroue wat onontbeerlik is in die samelewing: morele vertroue wat ingeboesem word deur etiese optrede en 'n aanneemlike vlak van moraliteit deur die regering, ekonomiese vertroue wat gegrond is op ekonomiese doeltreffendheid, en politieke vertroue wat berus op politieke geloofwaardigheid en die bevegting van korrupsie op alle vlakke.

In die lig van die bogenoemde uiteensetting blyk dit dat die sosiopolitieke omstandighede in Suid-Afrika beduidend negatief kan inwerk op die teenwoordigheid van sosiale kapitaal, sosiopolitieke vertroue en optimale sosiale en politieke betrokkenheid onder jong volwassenes. Om te bepaal of dit wel die geval is, is 'n empiriese ondersoek geloods om insig te verkry rakende universiteitstudiante se persepsies van die huidige sosiopolitieke bestel in Suid-Afrika. Die ondersoek is deur die volgende navorsingsvrae gerig:

- Wat is universiteitstudiante – 'n groep wat volgens Torney-Purta *et al.* (2004:384) primêr verantwoordelik is vir die lewering van huidige en toekomstige sosiale kapitaal – se sosiopolitieke sienings van Suid-Afrika?
- In watter mate beïnvloed die sienings hulle vertroue in die regering?
- Hoe betrokke is hulle by sosiopolitieke aangeleenthede?

#### 4. NAVORSINGSONTWERP

As deel van 'n uitgebreide navorsingsprojek is 'n omvangryke kwantitatiewe ondersoek gedoen na die politieke houdings en gedrag van universiteitstudiante in al die lidlande van die Suider-Afrikaanse Ontwikkelingsgemeenskap (SAOG). Vir die doel van hierdie artikel is 'n uittreksel van die data gemaak ten einde die

sosiopolitieke sienings en betrokkenheid van universiteitstudente in Suid-Afrika daaruit te distilleer.

#### 4.1 Steekproef

'n Gerieflikheidssteekproef is gedoen by twee Suid-Afrikaanse universiteite met uiteenlopende agtergronde, die een 'n sogenaamd “histories-wit” (A) en die ander 'n “histories-swart” (B) universiteit. Universiteit A met heelwat meer studente as Universiteit B, is geleë in 'n metropolitaanse gebied, terwyl B in 'n landelike omgewing is. Die twee instellings word as politieke teenpole beskou: Universiteit A kan beskryf word as “behoudend”, terwyl Universiteit B 'n *struggle*- agtergrond het.

Die navorsers het by beide instellings 'n duisend vraelyste besorg en 'n kontakpersoon versoek om dit tydens klastyd volgens die beskikbaarheid van studente te laat voltooi. Hierdie werkwysie het tot gevolg gehad dat studente van verskillende fakulteite, rasse en vlakke van senioriteit (eerste- tot derdejaar) by die ondersoek betrek is.

Die rasionaal vir die keuse van die twee instellings was om die ingesamelde data so verteenwoordigend as moontlik van die universiteitsbevolking in Suid-Afrika te maak, aangesien daar aangeneem is dat die verskillende bevolkingsgroepe in Suid-Afrika by hierdie twee instellings goed verteenwoordig is. Vir die doel van die ondersoek wat op die sosiopolitieke sienings van die studente fokus, was dit van belang dat die onderskeie bevolkingsgroepe genoegsaam in die steekproef verteenwoordig moes wees, enersyds om gebalanseerde verteenwoordiging te verseker en andersyds om, waar toepaslik, 'n betroubare vergelykingsbasis te skep. Vir die doel van hierdie ondersoek is daar egter minder klem gelê op die spesifieke verskille tussen die onderskeie bevolkingsgroepe, aangesien daar eerder gepoog is om 'n oorkoepelende, algemene beeld te verkry van universiteitstudente se sosiopolitieke sienings.

#### 4.2 Die vraelys

'n Gebruikersvriendelike vraelys in Engels, bestaande uit 39 vrae, is by die genoemde twee instellings versprei. Die vrae is opgestel volgens 'n Likert-skaal, asook rangorde-items, om differensiasie tussen items moontlik te maak. Volgens McMillan en Schumacher (2010:199) verskaf die gebruik van Likert-skale en rangorde-items voldoende buigsaamheid in respondente se antwoorde, aangesien daar beter tussen temas onderskei kan word en die skale en rangordes na gelang van die vrae of stellings kan wissel. Respondente moes by elke item 'n respons kies wat hul persepsie van 'n bepaalde saak weerspieël. Hulle moes byvoorbeeld aandui wat hulle siening ten opsigte van 'n bepaalde saak is (“Baie tevrede” tot “Baie ontevrede”) of in watter mate hulle met 'n stelling saamstem (“Glad nie” tot “Stem

volkome saam”). Om te voldoen aan etiese vereistes is die respondente volledig ingelig oor die navorsingsprojek, en deelname aan die ondersoek was vrywillig en anoniem. Respondente is versoek om eerlik op die vrae te antwoord.

Die vraelys is ontwerp om response te ontlok wat lig kan werp op die studente se houdings oor ’n verskeidenheid sosiopolitieke aangeleenthede. Die vraelys het eerstens vrae bevat wat die basiese demografiese inligting (ras, geslag, huistaal) van die respondente insamel, asook hulle posisie aan die universiteit (senior, junior, fakulteit). Die res van die vrae het gefokus op die respondente se persepsies van die demokrasie in Suid-Afrika. Daar is gepoog om vas te stel watter persepsies daar bestaan oor die wese van demokrasie as ’n regeringsmodel, asook hoe die studente die uitvoering van ’n demokratiese regeringsmodel in SA beoordeel. Verder is daar gefokus op hulle deelname aan die demokrasie en die vertroue wat hulle in die huidige regering uitspreek.

Die uiteensetting van die empiriese ondersoek bou voort op die teoretiese bespreking wat dit in die vorige afdeling voorafgaan. Die bespreking en interpretasie van die data verloop in drie fases: die biografiese inligting van die respondente word uiteengesit, gevolg deur ’n bespreking van die inhoud wat hulle gee aan die demokrasie as instelling, en laastens word gekyk na hulle beleving van die demokrasie as regeringsmodel in Suid-Afrika, asook hulle sienings oor deelname daaraan en hulle vertroue in die regering.

## **5. NAVORSINGSBEVINDINGS**

### **5.1 Respondente: Biografiese inligting**

Die vraelys is deur 1 459 ingeskrewe studente voltooi: 921 by universiteit A en 538 by B (Tabel 1). Daarvan was 873 dames en 586 mans terwyl 908 (62%) en 521 (36%) onderskeidelik hulself as senior en junior studente beskou het. Seshonderd-en-sestien wit studente en 843 swart studente, waarvan 71 in laasgenoemde groep hulself beskou het as bruin of Asiate/Indiërs, het aan die ondersoek deelgeneem, dus ’n 42%/58% wit/swart verspreiding wat beide groeperings goed verteenwoordig. Die respondente van universiteit B was 96,3% swart met universiteit A tweederdes wit en een-derde swart. Die verspreiding van huistale was ook grootliks in ooreenstemming met die rassegroeperings: byna al die swart studente, bruines en Indiërs uitgesluit, het ’n inheemse Afrikataal as huistaal aangebied en die wit groep, asook die bruines en Indiërs, het aangedui dat hulle Afrikaans of Engels as huistaal gebruik. Studente van verskillende fakulteite is by die ondersoek betrek.

**Tabel 1: Bevolkingsgroepe**

GROEP	UNIVERSITEIT A		UNIVERSITEIT B	
	N	%	N	%
Swart	239	26	518	96,3
Wit	609	66,1	7	1,3
Bruin	29	3,1	3	0,6
Asiaat/Indiër	35	3,8	4	0,4
Ander	4	0,4	2	0,4
TOTAAL	916	99,5	532	98,9

## 5.2 Persepsies van demokrasie

Daar is items in die vraelys ingesluit wat respondente se opinies oor enkele demokratiese beginsels moes ontlok. Uit die response kan daar afgelei word in watter mate die respondente sekere basiese demokratiese beginsels onderskryf het, soos wat dit in gevestigde demokrasieë elders toegepas word.

Die data toon dat die respondente 'n hoë premie geplaas het op die parlement as die spilpunt van 'n veelparty-demokrasie. Verreweg die meeste respondente (A=79,7%; B=74,6%) het die *parlement as 'n onontbeerlike instelling* beskou en 'n hoë persentasie (A=81,6%; B=64,7%) het gemeen dat 'n demokrasie *minstens twee sterk partye* moet hê wat met mekaar meeding.

In teenstelling hiermee het ongeveer tweederdes (66,3%) van die respondente aangedui dat 'n *sterk nie-verkose leier* beter is as 'n swak verkose leier. Verder was meer as die helfte (53,5%) van diegene wat 'n opinie uitgespreek het (35,8% neutraal/geen respons) van mening dat 'n *eenpartystaat* beter sal vaar as 'n demokrasie om nasionale eenheid en nasiebou te bevorder. Dit is ook opvallend dat effens minder as die helfte (46,2%) by universiteit A *meerderheidsregering* onderskryf het, terwyl ietwat meer as tweederdes (64,9%) by B dit wel gedoen het.

Dit blyk dus dat daar groot waarde geheg is aan die *parlement* en 'n *veelparty-demokrasie* as hoekstene van die demokrasie, maar tog was 'n *eenparty-outeoritêre staat* vir 'n aansienlike persentasie aanvaarbaar. Meer as tweederdes (A=67,3%; B=69,4%) het gesê dat dit 'n burger se *plig* is om die regering te kritiseer, terwyl slegs 6,7% (A) en 24,4% (B) van mening was dat dit *dislojaal* is om die regering te kritiseer.

Hierdie skynbare teenstrydighede kan moontlik toegeskryf word aan die hoë vlakke van ontevreidenheid en wantroue in die huidige demokratiese regering en sy instellings, soos wat die hieropvolgende data illustreer.


### 5.3 Die regering se prestasie

Aan universiteit A was 65,7% ontevrede met die werking van die demokrasie in Suid-Afrika. Slegs 'n derde (32,5%) was tevrede. By universiteit B was daar ongeveer 'n gelyke verdeling: 46,3% was tevrede en 48,7% ontevrede. Gesamentlik was 869 respondente (A+B=59,6%) ontevrede met die funksionering van die demokrasie in Suid-Afrika.

Minder as die helfte van alle respondente (A=37,9%; B=51,1%) was oortuig dat die huidige president, mnr. Jacob Zuma, die mas opkom. Die regeringsinstellings wat beoordeel is, presteer ook volgens die studente deurgaans swak. Min respondente (gemiddeld A=37,8%; B=44,6%) het gemeen dat die instellings voldoende presteer. Universiteit A se studente was meer krities en 'n groter persentasie het die instellings se prestasie as onvoldoende beoordeel. Gemiddeld het meer studente by universiteit B (21,5%) as by A (9,3%) verkies om nie 'n waardeoordeel uit te spreek nie.

**Figuur 1** illustreer die oordele wat die respondente uitgespreek het oor die prestasie van sleutelinstellings in die Suid-Afrikaanse demokrasie. Ingesluit daarby is die prestasie van die huidige president, mnr. Jacob Zuma. Die vlakke van ontevredeheid by universiteit A was veel hoër as by B, maar dieselfde tendens is merkbaar by beide. Hulle het aangedui dat die instellings wat die swakste vaar die *polisie* en *plaaslike regering* is, gevolg deur die *kabinet*, die *parlement* en die *president*. Hulle was van mening dat die *weermag* die beste funksioneer met die *regbank* net 'n kortkop agter. **Figuur 1** toon die vlakke van ontevredeheid afsonderlik vir die twee instellings sodat dieselfde tendens duidelik daaruit blyk.

**Figuur 1: Die vlakke van ontevredenheid met regeringsinstellings uitgedruk as persentasie van die respondente by universiteite A en B**




Die respondente moes voorts sommige kernfunksies van die regering beoordeel. 'n Oordeel moes uitgespreek word of 'n bepaalde funksie suksesvol, onsuksesvol of nóg suksesvol nóg onsuksesvol uitgevoer word. Die respons *nie suksesvol of onsuksesvol* kan dui op twyfel wat by 'n respondent bestaan het, of dit mag as 'n oordeel van middelmatige prestasie en/of onvoldoende vordering beskou word. Hierdie response is nogtans buite rekening gelaat by die interpretasie van die data.

Min respondente aan beide instellings het die regeringsfunksies as *sukcesvol* bestempel. Hoewel die vlakke van tevredenheid met die uitvoering van die funksies deurlopend laag was, was die ontevredenheid by A weereens veel groter. By A het gemiddeld 25,6% respondente die twyfel-opsie (Nie suksesvol, Nie onsuksesvol) gekies en by B gemiddeld 24%. **Figuur 2** toon dat dieselfde tendens weereens by beide instellings voorkom. Die respondente by beide instellings het gemeen dat die regering die beste vaar met die beskerming van *regte* (mense regte, uitwissing van geslagsdiskriminasie, taalregte en regspraak) en die *verskaffing van studiebeurse*. Daar was egter groter ontevredenheid met sake wat 'n direkte uitwerking het op die daaglikse bestaan. In totaal (A+B) het 50,6% die siening gehuldig dat die regering swak vaar met *werkskepping*, *dienslewering* en die *bevordering van vrede en sekuriteit*. Meer as 60% het aangedui dat die hantering van *MIV/VIGS*, *onwettige immigrante* en *armoede* onvoldoende is, terwyl meer as 70% *misdaadvoorkoming* uitgewys het as die swakste prestasie van die regering. In **Figuur 2** is dieselfde

tendens van beoordeling sigbaar, terwyl die vlakke van ontevredenheid by universiteit A heelwat hoër was.


**Figuur 2: Die vlakke van ontevredenheid met regeringsfunksies uitgedruk as persentasie van die respondente by universiteite A en B**



### 5.4 Wie baat by regeringshulp?

Die navorsingsdata ondersteun die siening dat die regering sy mag en middele grootliks vir eie gewin aanwend. Slegs 26,3% van die respondente van instellings A en B gesamentlik het gemeen dat die regering *gewone mense* help. Die regeringsamptenare sorg net vir hulleself (A=91,1%; B=74,9%), vir hulle familie en vriende (A=83,1%; B=66,2%) en hulle sakevennote (A=85,3%; B=63,9%). Landgenote van dieselfde etniese en taalgroeperings (A=65,5%; B=45,0%) en van dieselfde ekonomiese klas as regeringsamptenare (A=57,1%; B=58,7%) baat ook meer as staatsamptenare (A=23,1%; B=37,4,1%). Die afwaartse neiging in **Figuur 3** illustreer die bestaande persepsie dat regeringshulp afneem in ooreenstemming met die mate wat die persoonlike belang van die amptenary kleiner word.

**Figuur 3: Wie baat by regeringshulp?**




### 5.5 Korrupsie, swak prestasie en wantroue

Die respondente het gemeen dat korrupsie in regering- en staatsinstellings hoogty vier. Volgens hulle is daar verskeie persone in die sentrale regering (A=86,9%; B=72,1%) en plaaslike regering (A=85%; B=76,8%) wat betrokke is by korrupsie. Hulle het die polisie (A=86,1%; B=72,5%) ook van betrokkenheid by korrupsie verdink en gemeen dat korrupsie oor die algemeen die afgelope vyf jaar toegeneem het (A=81,4%; B=75,5%).

Die vlakke van wantroue in die president en die beoordeelde regeringsinstellings was besonder hoog, met groter wantroue wat geheers het by universiteit A. 'n Vergelyking van die data (**Figuur 4**) toon dat die getal respondente wat die regeringsinstellings wantrou deurlopend selfs hoër was as dié wat geoordeel het dat hulle swak presteer. By universiteit A was die vlakke van wantroue sowel as die aantal oordele oor die swak prestasie van die regering hoër as by B. Die wantroue in die instellings word oënskynlik aangeblaas deur die persepsie dat hulle gebuk gaan onder korrupsie. Die vlakke van wantroue korreleer met die mate van ontevredenheid met die regeringsinstellings se swak prestasie: hoe hoër die mate van ontevredenheid met die instelling se prestasie, hoe hoër die wantroue daarin.




**Figuur 4: Wantroue teenoor oordele van swak prestasie van instellings uitgedruk as persentasie**



### 5.6 Sosiopolitieke betrokkenheid

Die groot mate van wantroue in regeringsinstellings korreleer met die lae sosiopolitieke betrokkenheid van die respondente. **Figuur 5** toon dat die sosiopolitieke betrokkenheid by beide instellings besonder laag was. Die hoogste deelname (38,1%) is aangeteken by instelling B vir deelname aan *politieke protesaksies*. Die gemiddelde deelname aan die sosiopolitieke aktiwiteite by universiteit A was slegs 10,6% en by B 28,2%.

**Figuur 5: Sosiopolitieke betrokkenheid uitgedruk as persentasie**



Die hoë mate van sosiopolitieke apatie by beide instellings is te wagte gegewe die hoë mate van wantroue wat daar in regeringsinstellings heers. Figure 4 en 5 toon die verband wat bestaan tussen *ontevredenheid* met die prestasie van regeringsinstellings, *wantroue* daarin en *lae deelname* aan sosiopolitieke aktiwiteite. Die data van beide universiteite illustreer die tendens dat hoë vlakke van ontevredenheid tot nog hoër vlakke van wantroue lei, en verder dat hoë vlakke van wantroue die weg baan vir selfs nóg hoër vlakke van politieke apatie.

## 6. SAMEVATTING EN GEVOLGTREKKINGS

Die tendens dat jong volwassenes se deelname aan sosiopolitieke aktiwiteite wêreldwyd taan, was die impetus vir hierdie ondersoek. Die literatuur bring hierdie tendens in verband met verhoogde vlakke van wantroue in regerings en regeringsinstellings vanweë ontevredenheid met korrupsie en dienslewering. Die onderhawige ondersoek het op studente as jong volwassenes gefokus, aangesien naskoolse kwalifikasies beskou word as een van die sterkste korrelate van politieke deelname. Die doel van hierdie ondersoek was, eerstens, om vas te stel wat die sienings van studente is aangaande demokrasie, die regering en sy instellings, en tweedens, om studente se vlakke van vertroue in en tevredenheid met die genoemde instellings te bepaal. Daarna is gepoog om hulle vlakke van vertroue te korreleer met hulle deelname aan sosiopolitieke aktiwiteite. Navorsing (Inglehart 1997:276; Torney-Putra *et al.* 2004:384; Chen en Lu 2007:427) wys op die gevare wat

sosiolitieke onbetrokkenheid en apatie inhou: dit belemmer die ontwikkeling van sosiale kapitaal en bedreig sodoende die wese en volhoubaarheid van die demokrasie.

Newton (2001:384) belig die verband tussen die mate van vertroue wat uitgespreek word in politieke instellings met die beoordeling van die doeltreffendheid van die instellings. Die graad van ontevredeheid korreleer met die vertroue wat in die instellings uitgespreek word. Younis en Yates (1997:622) asook Putnam (2000:27) wys op die verband tussen sosiolitieke vertroue en deelname. Vertroue in sosiolitieke instellings baan die weg vir deelname aan sosiolitieke aktiwiteite en die gepaardgaande ontwikkeling van demokratiese waardes. Die ondersoek bevestig die studente se ontevredeheid met die regering en regeringsinstellings, hul lae vlakke van vertroue in die instellings en die gepaardgaande swak deelname aan sosiolitieke aktiwiteite.

'n Terugskouende blik op die voorgaande empiriese bevindings en literatuuroorsig het geen teenstrydighede opgelewer nie. Die ontleding van die data wat die empiriese ondersoek opgelewer het, lê tendense bloot waarvoor bevestiging in die literatuur gevind kan word. Dit blyk dat die studerende jong volwassenes ontgogel is met die demokrasie in Suid-Afrika, en die negatiewe gevolge daarvan word deur die data aangetoon. Die ingesamelde data weerspieël die ontevredeheid wat bestaan met die regeringsinstellings se prestasie, asook met sleutelfunksies van die regering, en die persepsie bestaan dat die regering en staatsinstellings gekniehalter word deur korrupsie. Daar bestaan hoë vlakke van wantroue in die regering en sy instellings. Die wantroue loop uit op 'n kommerwekkende mate van sosiolitieke onbetrokkenheid en apatie. Die keerkant is egter bemoedigend: die instandhouding van die demokrasie kan daarby baat vind as die intellektuele bolaag van die samelewing krities-denkend omgaan met die funksionering van die demokrasie in Suid-Afrika. Die ontwikkeling van sosiolitieke vertroue kan uit verskillende hoeke benader word. Die bevegting van korrupsie moet as 'n prioriteit beskou word. Sommige navorsers beklemtoon die belang van gesonde ekonomiese beleid (Rondinelli 2005:189), en ander die rol wat plaaslike regerings kan speel om betrokkenheid by sosiolitieke aktiwiteite aan te help (Bovaird en Loeffler 2005:201). Op die lange duur sal goeie regering vertroue in die regering en sy instellings herstel.

Die grootte van die steekproef is beperk en maak nie veralgemening t.o.v. die totale universiteitpopulasie van Suid-Afrika moontlik nie. Die data illustreer oteenseglik die hoë vlakke van ontevredeheid met en wantroue in die regering en sy instellings, asook die gepaardgaande onbetrokkenheid by sosiolitieke aktiwiteite. Die insameling van die data by twee instellings waarvan die demografiese werklikhede aansienlik verskil, bied beperkte moontlikhede van interpretasie volgens rasgegewens. Die eksperimentiese ondersoek wys egter op

eenderse tendense tussen die twee instellings, maar ook op deurlopend groter negatiwiteit wat by universiteit A bestaan. (Die data toon soortgelyke tendense by albei instellings, maar deurlopend 'n groter kritiese ingesteldheid by instelling A met 'n meerderheid wit studente). Die feller kritiek en groter negatiwiteit wat by universiteit A bestaan, verskans egter nie die feit dat die studente by albei instellings ontgogel is met die regering, sy instellings en sy prestasies nie. Die intellektuele bolaag van die hedendaagse jong volwassenes onder alle rasse beoordeel die demokrasie en sy werking krities en denkend. Hulle is ontnugter, maar die vraag is of die maghebbers daarvan gaan kennis neem.

## **BRONNELYS**

Astin AW, Parrot SA, Korn WS & Sax LJ 1997. "The American freshman: 30 year trends, 1966–1996". Los Angeles: Higher Education Research Institute.

Atkins R & Hart D 2003. "Neighborhoods, adults, and the development of civic identity in urban youth", *Applied Development Science* 7(3):156-164.

Bertucci G & Alberti A 2003. "Globalization and the role of the state: Challenges and perspectives". In: Rondinelli DA & Cheema S (eds), *Reinventing government for the 21<sup>st</sup> Century: State capacity in a globalizing society*. Bloomfield: Kumarian Press.

Blind PK 2007. *Building trust in government in the 21<sup>st</sup> century*. 7<sup>th</sup> Ed. Global Forum on Reinventing Government, Vienna, Austria.

Bovard T & Loeffler E 2005. "Communities, trust and organizational responses to local governance failure". In: Watson S & Watson A(eds), *Trust, risk and uncertainty*. New York: Palgrave.

Brehm J & Rahn W 1997. "Individual-level evidence of the causes and consequences of social capital", *American Journal of Political Science* 41:999-1023.

Chen J & Lu Chunlong 2007. "Social capital in Urban China: Attitudinal and behavioural effects on grassroots self-government", *Social Science Quarterly* 88(2):422-442.

Espinal R & Hartlyn J 2006. "Performance still matters: Explaining trust in government in the Dominican Republic", *Comparative Political Studies* 29(2):200-230.

Evans SD 2007. "Youth sense of community: Voice and power in community contexts", *Journal of Community Psychology* 35(6):693-709.

Finn JE 2004. "The Rule of Law and judicial independence in newly democratic regimes", *Good Society Journal* 13(3):12-16.

Flanagan CA & Sherrod UR 1998. "Youth political development: An introduction", *Journal of Social Issues* 54(3):447-456.

Fukuyama F 1995. *Trust: The social virtues and the creation of prosperity*. New York: Free Press.

Ginwright S & James T 2002. "From assets to agents of change: Social justice, organizing, and youth development", *New Directions for Youth Development* 196:27-46.

Hazan P 2006. "Marocco: Betting on a Truth and Reconciliation Commission", *United States Institute of Peace Paper*. Washington DC.: United States Institute of Peace.

Hetherington MJ 2005. *Why trust matters: declining political trust and the demise of American liberalism*. Princeton: Princeton University Press.

Inglehart R 1997. *Modernization and postmodernization: Cultural, economic and political change in 43 societies*. Princeton: Princeton University Press.

Kahne JE & Sporte SE 2008. "Developing citizens: The impact of civic learning opportunities on students' commitment to civic participation", *American Educational Research Journal* 54(3):738-766.

Kalu KN 2006. "Citizenship, administrative responsibility and participation in governance: One more look". In: Kakabadse N and Kakabadse A (eds), *Governance, strategy and policy: Seven critical essay*. New York: Palgrave.

Keele L 2004. "The authorities really do matter: Party control and trust in government", *Journal of Politics* 67(3):873-886.

Newton K 2001. "Trust, social capital, civil society, and democracy", *International Political Science Review* 22(2):201-214.

Paxton P 1999. "Is social capital declining in the United States? A Multiple indicator assessment", *American Journal of Sociology* 105(1):88-127.

Pillay S 2004. "Corruption – The challenge to good governance: A South African perspective", *International Journal of Public Sector Management* (6-7):586-606.

Putnam RD 1995. "Bowling alone: America's declining social capital", *Journal of Democracy* 6:65-78.

Putnam RD 2000. *Bowling alone: The collapse and revival of American community*. New York: Simon & Schuster.

Rahn WM & Transue J 1998. "Social trust and value change: The decline of social capital in American youth, 1976-1995", *Political Psychology* 19:545-565.

Redburn FS & Buss TF 2004. "Modernizing democracy: Citizen participation in the information revolution". In: Farazmand (ed.), *Sound governance: Policy and administrative innovations*. Westport: Praeger.

Rondinelli DA 2003. "Promoting national competitiveness in a globalizing economy". In: Randinelli DA & Cheema S (eds), *Reinventing government for the 21<sup>st</sup> century: State capacity on a globalizing society*. Bloomfield: Kumanon Press.

Smith ES 1999. "The effects of investments in the social capital of youth and political and civic behaviour in young adulthood: A longitudinal analysis", *Political Psychology* 20(3):553-580.

Torney-Purta J, Barber CH & Richardson WK 2004. "Trust in government-related institutions and political engagement among adolescents in six countries", *Acta Politica* 39:380-406.

Voight A 2010. *Youth sociopolitical development: Moving beyond mechanistic action and ineffective blah*. MA, Vanderbilt University, Nashville, Tennessee.

Watts R & Abdul-Adil J 1999. "Promoting critical consciousness in young African-American men", *Journal of Prevention and Intervention in the Community* 16:63-83.

Watts R Griffith D & Abdul-Adil J 1999. "Sociopolitical development as an antidote for oppression: Theory and action", *American Journal of Community Psychology* 27:255-272.

Watts RJ, Willams NC & Jagers RJ 2003. "Sociopolitical development and the making of African-American activists", *American Journal of Community Psychology* 31 (1/2):185-194.

Wrightsmann LS 1992. *Assumptions about human nature*. Newbury Park, CA. Sage.

Youniss J, McLellan JA & Yates M 1997. "What we know about engendering civic identity", *The American Behavioural Scientist* 40(5):620-631.